

From Embers to a flame – How God can Revitalize your church

Harry L Reeder

Hoofstuk 1 – Die nodigheid vir kerk vernuwing

Statistieke toon dat ongeveer 95 persent van alle kerke in Amerika 'n bywoningsyfer van slegs honderd of minder mense tydens 'n ereidiens het.

Meer as 80 persent van alle Amerikaanse kerke het 'n groeiplato bereik of is die getalle besig om te krimp.

Jaarliks sluit tussen 3500 en 4000 gemeentes hul deure.

Die simptome van 'n siek kerk

Buiten vir die mees sigbare tekens van 'n kerk wat 'siek' is soos 'n daling in lidmaatgetalle en geldelike probleme, is daar 'n paar ander minder duidelike tekens:

- Gefokus op programme

Kerke wat besig is om te sterf, kan vergelyk word met 'n dobbelaar wat 'n wenkaartjie soek. Hulle soek na 'n program wat daarin sal slaag om die kerk om te draai. Hul plaas hul hoop op sukses op die mees onlangse georganiseerde bediening of 'n voorafverpakte kerkgroei plan. Die gesondheid van hul kerk word gemeet aan die aantal en mate waartoe die program wat gevolg word, ander beïndruk.

Dit is nie programme wat gevolg moet word nie, maar eerder *beginsels* wat God gegee het en wat daarop gemik is om lewe in die liggaam van Christus in te blaas, soos wat Hy dit wil hê binne Sy soewereine plan vir die kerk.

Dit is belangrik om die onderskeid te tref tussen 'n program en *beginsels*. 'n Program wat slaag kan maklik die eer bring aan die skrywer van die program of die effektiwiteit van die program. Wanneer ons egter groei en 'n gesonde gemeente waarneem deur die toepassing van die beginsels wat God gegee het in Sy woord, gaan alle eer aan Hom alleen. Indien daardie beginsels nie "werk" nie en ons weet dit is nie God se fout nie, gaan ons terug na die Woord om uit te vind wat ons moet verstaan en hoe om die beginsels beter toe te pas.

- Nostalgie en Tradisie

Sterwende kerke leef dikwels in die verlede. Dikwels gebeur dit dat 'n predikant geroep word na 'n bepaalde gemeente, nie om dit vorentoe te stuur nie, maar in die hoop om die kerk *terug* te laat gaan om die "goeie ou dae" weer te herleef. Alhoewel dit

belangrik is om 'n kerk se verlede te onthou, bestaan daar 'n groot verskil tussen 'die verlede onthou' en 'om in die verlede te leef'. Sommige gemeentes sal op 'n verhoog geplaas word as deel van die "hall of fame" van die gemeente en word daar verwys na daardie dae as die "goeie ou dae". Kyk weer na die beginsels in Fillipense 3:13 waar Paulus sê: '...Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.'

Wat in die verlede gebeur het, is belangrik, maar moet ons nie toelaat dat die 'aangename rivier van nostalgie' ons so vashou dat dit 'n bruisende stroom word wat die kerk terugdwing en verwoes in die vloed nie. Die oorbeklemtoning van tradisie is ook 'n manier waarop die verlede by die kerk kan spook. Hoe is dit moontlik dat 'n gemeente bestaande uit skaars tagtig lidmate so sterk baklei om aan die tradisies van die verlede vas te hou? Dat hulle steeds vier eredienste op 'n Sondag wil hê omdat dit is soos wat hulle dit in die goeie ou dae gedoen het toe die gemeente nog 900 lidmate sterk was? Die verskil – die vier eredienste was nodig omdat die kerk gegroei het, lidmate het nie *meer* geword omdat daar vier eredienste gehou is nie.

- Persoonlikheidsafhanklikheid

Sterwende kerke het die geneigdheid om staat te maak op sekere persoonlikheidstipes. Wanneer 'n gemeente byvoorbeeld oor 'n sterk leier beskik, gebeur dit dikwels dat hulle die werk en besluitneming aan so 'n persoon oorlaat. God gebruik egter nie net een persoonlikheidstipe in Sy koninkryk en kerk nie.

- 'n Onderhoudsmentaliteit

Dikwels het kerke die siening dat hulle maar net moet uithou en aanhou, net dalk kry hulle dit hierdie jaar reg om die lidmate wat hulle verlede jaar verloor het, weer terug te wen. Hulle mag dalk 'n visie hê, maar die visie is een van "uithou en aanhou". Hierdie is 'n onderhoudsmentaliteit waar 'n kerk bloot die *monument* poleer in plaas daarvan om 'n *beweging* te bou tot God's eer. Hulle is aan 'n *lewensondersteunende masjien* gekoppel eerder as om op 'n *lewensreddings missie* te wees.

- Verskonings en 'n 'slagoffer' ingesteldheid

Dikwels het 'n gemeente die houding van 'dit sal nooit hier werk nie, want...'. Die gemeente het 'n lysie van redes waarom 'n nuwe idee nie in hulle gemeente effektief sal wees nie. Van hierdie redes is: 'Ons het dit al in die verlede probeer' en 'Dit gaan te veel kos', 'Die buurt het verander' en 'Ons gebou is op die verkeerde plek'. Die aanname by elkeen van hierdie verskonings is dat die kerk die slagoffer is van 'n aantal buite faktore.

Sulke kerke het nie regtig enige hoop nie omdat dit hulself toelaat om deur negatiewe omstandighede beïnvloed te word. Die Bybel waarsku ons hierteen in Jakobus 1:2-4: 'My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom, want soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard. En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.'

Om verskonings te maak het so maklik geword, so 'n gewoonte geword dat ons onself mislei en ons voeling met die realiteit verloor.

- 'n Slegte reputasie in die gemeenskap

'n Verdere simptoom van 'n krimpende kerk (sterwende kerk), is die persepsie van ander rondom die kerk. Wanneer 'n kerk die patroon van inkrimping volhou, hoe slegter raak die beeld en reputasie van die kerk in die gemeenskap. Soms gebeur dit dat die gemeenskap nie meer na 'n woord van die leraar luister nie a.g.v. die verdoemende getuienis wat hulle reeds gehoor het van voormalige lidmate. Soms kan die simptome van inkrimping reeds buite die gemeente sigbaar wees nog voordat dit binne die gemeente gestalte neem.

- Weglokking van die Evangelie

Die laaste simptoom van siekte binne die kerk is die slegste van almal. Kerke wat oneffektief geraak het om na die wêreld rondom hulle, uit te reik. Dit gebeur dikwels wanneer 'n kerk die middelpunt van God se genade uit die oog verloor. Iets anders het meer belangrik geword as om volgens die evangelie te leef en om dit met ander mense, wat God se verlossing nodig het, te deel. Dalk is die nuwe prioriteite van die gemeente die toestand van die geboue of die manier waarop onderrig geskied. Waar ook al die klem geplaas word, gaan dit teenproduktief wees met God se werk indien dit toegelaat word om die plek van die Evangelie wat sentraal moet staan, in te neem.

Die voorregte van kerk vernuwing

Kerk vernuwing is belangrik aangesien so baie kerke besig is om dood te gaan en so baie gesonde kerke die risiko loop om geïnfecteer te word deur die simptome soos reeds genoem.

Die hart van die Godgesant (Apostle – woordverkondiger)

Toe Paulus en Barnabas in Handeling 13 uitgestuur is, het hulle 'n duidelike filosofie en bediening gehad:

Evangelisasie en dissipelskap

Kerkplanting

Dade van liefde, genade en geregtigheid

Ontwikkeling en uitstuur van predikers

In Handeling 15:36 word duidelik aangetoon dat Paulus nie gesê het hulle moet nuwe plekke gaan soek om die Evangelie te versprei nie, maar: 'Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het.'

Hier kom 'n vyfde perspektief in Paulus se bediening na vore nl.:

Kerk vernuwing

Paulus het teruggegaan om die gemeentes te versterk. Paulus se Groot Opdrag was dus nie alleen 'n bediening aan onbereikbare plekke en mense nie, maar ook 'n bediening van vernuwing. 'n Groot deel van Paulus se bediening was daarop gemik om krimpende kerke te bring van stukkie gloeiende kole na 'n brandende vuur.

Kerkplanting of kerk vernuwing

Deur die studie van Don McNair in sy boek *The Birth, Care and Feeding of the Local Church*, het hy bevind dat wanneer 'n predikant 'n nuwe kerk plant, die waarskynlikheid bestaan dat 90 persent van die mense wat aanvanklik die kerk bygewoon het, na drie jaar, dit nie meer sal bywoon nie of dat die predikant nie meer daar sal wees nie. Alhoewel daar 'n uitsondering op die reël mag wees, is dit inderwaarheid in meeste van die gevalle waar. Mense verlaat hierdie nuwe kerk wat geplant is omdat hulle dalk nêrens anders oor die weg kon kom nie of omdat hulle dieselfde ou probleme na die nuwe kerk gebring het. Die meeste nuwe kerke lok nie volwasse gelowiges wat bereid is om alles op te offer ter wille van die Evangelie nie. Sommige mense sluit aan by 'n nuwe kerk omdat hulle nie oor die weg kon kom met hul medelidmate in hul gemeente nie. Nou sluit hulle aan by 'n kleiner groep mense oor wie hulle dalk meer beheer kan uitoefen.

Wanneer 'n predikant egter geroep word na 'n gemeente wat wil vernuwe, sluit hy homself aan by 'n groep mense wat gebly het deur dik en dun. Alhoewel hulle swakpunte heel waarskynlik aanleiding gegee het tot die inkrimping van die gemeente, is hulle nie bloot net 'verbruikers' wat vir enige rede sal weggaan nie.

In die meeste gevalle kan 'n kerk wat vernuwe, gebruik maak van reeds bestaande hulpmiddelle. Dit is nie nodig om bekommerd te wees oor eiendom wat aangekoop moet word nie. Dit is dus nie nodig om 'n nuwe gebou op te rig nie, maar om die een wat reeds bestaan, met mense te vul.

Die Globale geleentheid

Die voorreg van kerkvernuwing strek verder as ons landsgrense, na ander plekke in die wêreld. 'n Voorbeeld is die Evangelies Presbeteriaanse kerk in Egipte. Hierdie kerke is in die 1900 geplant deur die Skots-Ierse Presbeteriane. Vandag bestaan daar 650 van hierdie gelisensieerde kerke. Alhoewel slegs 250 van hulle predikante het, is kerkvernuwing hier nie ontmoontlik nie. Bybels hoef nie ingesmokkel te word nie aangesien die regering hierdie kerke toelaat om te funksioneer.

Hoofstuk 2 – Die Bybelse paradigma tot vernuwing

Kerkgesondheid en nie kerkgroei nie

Die gevaar bestaan dat 'n gemeente kerkgroei probeer bevorder deur 'n bepaalde, goed bedoelde rigting in te slaan waar die kerk moet konformeer met die wêreld se standarde eerder as om die Bybelse beginsels te bevestig dat die kerk IN die wêreld is maar nie VAN die wêreld is nie. Dit word soms gedoen *ter wille van die getalle*.

Sommige mense glo dat kerkgroei primêr gebou moet word op bepaalde besigheidsbeginsels en ander neem 'n 'Hollywood' beginsel aan waar die mense opgeroep word om te aanbid sodat hulle 'n 'goeie tyd' kan hê en om weer te kom (emosionele ervaring). Ander se filosofie lyk of dit ontleen is aan die psigiater se stoel, op 'n selfhelp program waar ondersteuning en oplossings aangebied word vir hul emosionele en psigologiese probleme eerder as om die mense bekend te stel aan die veranderende krag van die Evangelie van Jesus Christus.

God het in Sy Woord aan ons 'n praktiese en bruikbare voorbeeld gegee van kerkvernuwing.

Gesondheid en groei

Ons doelwit moet wees KERKGESONDHEID en nie KERKGROEI nie, aangesien groei moet plaasvind vanuit 'n goeie gesondheid. Wanneer 'n kerk, as die liggaam van Christus, gesond is, sal hy groei. Fokus dus op die gesondheid van die kerk en Christus sal toesien dat groei plaasvind. Net soos in die geval van die menslike liggaam, is die grootte van die kerkliggaam nie noodwendig 'n aanduiding van sy gesondheid nie. Of 'n kerk gesond is of nie, word nie bepaal deur sy grootte nie, maar deur wat binne die kerk gebeur. Sommige groot kerke word dikwels daarvan beskuldig dat hulle 'n myl wyd is maar slegs 'n paar sentimeter diep. Die teenoorgestelde is egter ook gevaarlik, dat die kerk 'n myl diep is maar slegs 'n paar sentimeter wyd. Hulle bestaan slegs uit 'n paar mense wat deel vorm van 'n baie eksklusiewe 'klub' wat oneffektief is om mense te bereik wat nog verlore is.

Alhoewel die term kerkvernuwing 'n mond vol is, plaas dit die klem op die regte plek. Dit is nie nodig om 'n bemerkingsplan te hê om die kerk te laat groei nie, maar eerder 'n "Bybelse fiksheidsplan" om goeie gesondheid te bevorder.

1 Timoteus dien as 'n uitstekende handleiding vir kerkvernuwing. Selfs in die laaste boek van die Nuwe Testament (Openbaring), waarsku Jesus self dat die kerk die risiko loop om deur God geoordeel te word indien dit nie omdraai nie. Jesus het ons van 'n paradigma voorsien, met 'n basiese plan vir kerkvernuwing waarin Hy ons leer dat die liggaam van gelowiges hul agteruitgang kan stuit en kan beweeg van 'n stukkie gloeiende kole na 'n brandende vlam indien die leierskap opnuut leer om te *onthou, te bely en te herstel*.

Onthou – Vernuwingsstrategie 1: Koppel met die verlede.

Bely – Vernuwingsstrategie 2: Doen 'n oproep tot bekering.

Herstel (die eerste dinge) – Vernuwingsstrategie 3: Evangelie gedrewe en Christus gesentreerd.

- Vernuwingsstrategie 4: Persoonlike geloofsvorming.
- Vernuwingsstrategie 5: Die prioriteit van voorbidding.
- Vernuwingsstrategie 6: Om prediking primêr te hou.
- Vernuwingsstrategie 7: Bly missiegedrewe deur 'n visie.
- Vernuwingsstrategie 8: (Dienaar) Leierskap vermenigvuldiging.
- Vernuwingsstrategie 9: Kleingroep dissippelskap.
- Vernuwingsstrategie 10: Verbintenis tot die Groot Opdrag.

Vrae wat gevra kan word:

Wat is die fokus van jou gemeente? Kergroei of kerkgesondheid?

Hoe kan daar binne jou gemeente meer gefokus word op kerkgesondheid?

Hoe kan bestaande lidmate ontwikkel word om as *fondasie* te dien vir toekomstige groei van die kerk eerder as om hulle net tydelik te gebruik as "*stelasies*" in die bou van die kerk en dan later ontslae van te raak?

Hoofstuk 3 – Vernuwingsstrategie 1: Koppel met die verlede

LEER deur die verlede eerder as om in die verlede te LEEF.

Onthou eerder die baie goeie dinge wat Jesus Christus vir ons en deur ons in die verlede gedoen het, as om daar vas te haak en nostalgies daarvoor te raak. Ons God wat vir ons die oorwinning behaal het in die verlede, sal die oorwinning vir ons behaal in die hede, Hy is dieselfde gister, vandag en verewig.

Alhoewel dit vir ons belangrik is om nie in die verlede te leef nie, moet ons onself nie daarvan distansieër nie. **'n Gemeente wat wil vernuwe, sal leer uit die verlede ten einde te leef in die hede sodat die kerk kan verander in die toekoms.**

Die geskiedenis van die plaaslike kerk.

"History is His-Story" Dit is belangrik om te kyk na God se voorsienigheid in die geskiedenis van die plaaslike- en universele kerk.

(Meer gerig op die predikant) Vir 'n nuwe predikant in 'n bestaande gemeente is dit belangrik om te onthou dat die geskiedenis van daardie betrokke gemeente nie by hom begin nie. Besoek die families saam met die ouderling. Dit is dikwels nodig dat 'n gemeente aanbeweeg, terwyl dit belangrik is om moeite te doen om te koppel aan die verlede van die gemeente.

Moenie in die slaggat trap om 'gedwing' te word om in die voetspore van jou voorgangers te loop nie. 'You sure have some big shoes to fill' – 'I brought my own shoes, thank you.' Wees versigtig om disrespekvol te wees teenoor die voorgangers. Twee gevare hier is om die voorganger te verkleineer om sodoende jouself in 'n beter lig te plaas en die ander is om die voorganger se bedieningstyl te dupliseer ten koste van die gemeente.

(Meer gerig op die gemeente) Dit is nodig om elke jaar 'n terugskouing te hou van wat God in die verlede vir die gemeente gedoen het. Moet egter nie die terugblik so plooi dat dit mense se voorkeure of agenda's pas nie.

Die geskiedenis van die universele kerk

'n Struikelblok wat kan ontstaan tydens so 'n terugblik is wanneer gemeentedele daaraan herinner word dat hulle deel is van 'n glorieryke rivier van kerkgeskiedenis wat gevloei het van Christus se tyd tot nou. Gelowiges word dan onder die wanindruk gebring dat hulle deel is van 'n klein groepie uitverkorenes en so word hulle eerder deel van 'n stilstaande stroompie as 'n bruisende rivier.

Die manier waarop 'n kerk aanbid, kan hul of suksesvol aan die verlede koppel of hul effektief daarvan skei. Die ou lirieke wat gesing is in die verlede, hoef nie in die hede totaal geskrap te word nie. Deur mense met tyd en deur harde werk, in te lig oor die musiek van die verlede, kan hul ook leer om dit te waardeer. 'n Balans moet gevind word tussen die musiek van die hede

en verlede. God is die God van vandag EN Hy is die God van alle eeue en hierdie aard van Sy natuur moet 'n refleksie vind in ons aanbiddingstyl. 'n Bepaalde aanbiddingstyl is nie so arrogant om homself te verwyder van die verlede nie en ook maak dit homself nie skuldig aan die tradisie wat verafgod word en wat in die verlede leef nie.

Lidmate kan van die poel na die rivier beweeg word deur hulle van die Ou Testament te leer. Die geskiedenis van Israel is ons geskiedenis ook. Die Ou Testament is nie net 'n versameling van mooi stories nie, maar 'n ontluikende storie van die majesteit van Jesus Christus. Met ander woorde, Jesus die reënboog (Noag), Jesus die altaar, Jesus die tempel, Jesus wat die kleed van regskaapenheid dra (Josef), Jesus wat die leer is wat na ons neergedaal het (Jakob se droom).

'n Kerk wat lewendig en gesond is, is 'n 'bewegingsbediening' eerder as 'n 'onderhoudsbediening'. 'n Onderhoudsbediening leef in die verlede en bly klou aan die hede deur 'n monument te poleer.

'n Bewegingsbediening sal doelbewus uit die verlede leer en dan effektief in die hede leef om die toekoms te transformeer. Let veral op die volgende:

- Ondersoek seën in die verlede.
- Bepeins die lesse en beginsels van die verlede wat deur Jesus geseën is.
- Vier hierdie lesse en beginsels, gaan voort met die implementering daarvan en gebruik dit om met nuwe inisiatiewe vorendag te kom.

Leer uit die verlede, leef in die hede – met die doel om die toekoms te verander.

Vrae wat gevra kan word:

Wat dink jy was goed in die geskiedenis van jou kerk en wat was sleg?

Is daar maniere om die goeie van die verlede te herontdek en te vier en maniere om sommige slegte dinge van die verlede te korrigeer en te bely?

Is daar 'n manier waarop die seën van die Here in die verlede nou gebruik kan word om nuwe bedieningsmeganismes vir die toekoms daar te stel wat die effektiwiteit van die bediening na 'n volgende vlak sal neem of wat jou sal toelaat om die fokus te plaas op die basiese behoefte van die gemeente sodat hul geestelike welstand bevorder kan word?

Hoofstuk 4 – Vernuwingsstrategie 2: Oproep tot Bekering

Om weg te steek of te bely

Die sonde gee gewoonlik aanleiding tot twee tipes reaksie: of ons probeer ons sonde wegsteek of ons bely ons sonde. Wanneer ons na die verlede kyk, sal ons heel dikwels agterkom dat daar dinge gebeur het waarop ons nie trots kan wees nie. In die geskiedenis van 'n 'dooie' of sterwende kerk, was daar heel dikwels dinge wat heeltemal verkeerd gegaan het – die kerk het nodig om hierdie verkeerde dinge te bely.

Hierdie belydenis moet egter nie negatief gesien word nie aangesien dit aan God die geleentheid gee om nuut te begin. Wanneer ons ons sonde bely sal God ons oorvloedig seën. Ons is egter goed daarin onderlê om die slagoffer te speel. Te dikwels sal ons iets of iemand anders beskuldig vir die foute wat ons gemaak het. Dit is baie belangrik om klem te lê op *persoonlike verantwoordelikheid* en mense te ontmoedig om *aan te hou met verskoning maak vir hul foute*.

'n Belydenis moet dus begin deur eienaarskap te aanvaar en voor God te erken dat ons self verantwoordelik is vir die sondes wat ons gedoen het. Wanneer 'n gemeente omkeer, moet ons verwag om ook die vrug van bekering te sien. Lukas 3:8: 'Dra liever vrugte wat bewys dat julle bekeer is...'

Die vrug van bekering waarna verwys word, kan in die volgende drie woorde opgesom word:

(Restitution, Restoration, Reconciliation)

- Teruggee – van dit wat verskuldig is.
- Weeroprigting – om die verkeerde dinge weer reg te stel.
- Versoening – om die verhoudinge wat a.g.v. die sonde skade gely het, weer te herstel.

Berou by die leierskap (Repentance)

Vernuwung van die liggaam moet dikwels begin by vernuwung van die sleutel persone van die gemeente, byvoorbeeld die predikant self. Soms gebeur dit dat die predikant en kerkraad hulself sien as die Raad van Direkteure van 'n kerk in plaas van die Skaapwagters van die kudde. Enige sonde binne die gemeente is skadelik vir die bediening, soos die storie van Akan in Josua 7. Niks is egter erger wanneer hierdie sonde gesetel is in die leierskap van die kerk nie.

Berou by die gemeente

Heel dikwels veroorsaak hierdie sonde binne die gemeente dat die gemeente stagneer of die getalle afneem. Akan het God se tiende gesteel en het dit ook probeer wegsteek. Nie net was daar sonde binne die geledere van Israel nie, maar het hul ook hulself die gramskap van God op die hals gehaal en hul geveg teen Ai verloor. Soldate is gedood en huishoudings was sonder 'n vader en 'n man. God se oordeel sou hier voortduur totdat Israel hul sonde bely het.

Stel ondersoek in na die gemeente se verlede – is daar geleef en geleer soos wat die Woord dit vereis? Indien nie, vra vergifnis daarvoor by God en die gemeente en begin om dinge reg te stel. Die beste wat hieruit kan voorspruit is die seën van die Here en die feit dat enige negatiewe uitsprake oor die gemeente binne die gemeenskap, 'n einde kan kry.

Vrae wat gevra kan word:

Watter gebeure in die verlede kan 'n gemeente of die leierskap van 'n gemeente noodsaak om dit te bely?

Het die gemeente dalk teenoor die gemeenskap gesondig deur byvoorbeeld bevooroordeel te wees, rassisme of geestelike uitsluiting?

Is daar dalk teenoor 'n vorige predikant of groep binne die gemeente so opgetree dat hierdie optrede die Here kon grief?

Hoofstuk 5 – Vernuwingsstrategie 3: Evangelie gedrewe en Christus gesentreerd

Die eerste van eerste dinge

Die derde deel van die vernuwingsstrategie paradigma kan verdeel word in:

- Onthou
- Bely
- Herstel...van die eerste dinge.

Die eerste wat hier gestel moet word, is HERSTEL van die Evangelie. Wanneer 'n kerk Evangelie gedrewe is, SAL dit Christus gesentreerd wees.

Terug na die basiese dinge

Een van die grootste probleme waarmee die moderne modelle van die kerk stoei ten opsigte van groei en vernuwing is:

Alles is *nuwe* strategieë wat toegepas word vir kerkgroei in die moderne wêreld. Jesus het egter nie gesê ons moet die kerk *herontwerp* nie, Hy het gesê ons moet die kerk *herposisioneer*. Dit vra vir 'n omkeer na 'die eerste dinge' wat bediening aanvanklik wonderlik gemaak het, nie vir 'n heel nuwe benadering tot kerkwees nie. Die goeie nuus is dat ons nie nodig het om

bemarkingsfundi's te wees om 'n gemeente te beweeg van flou gloeiende kole na 'n brandende vuur nie. Ons het net nodig om terug te keer na die 'eerste dinge'.

Om eerste dinge eerste te plaas

Die eerste van hierdie dinge, is God se genade. Die boodskap moet gefokus wees op die belangrikheid van persoonlike geloof. Geloof bestaan uit kennis, 'n oortuiging van jou sonde en vertrou. Jesus Christus is ons doelwit, wie Hy is en wat Hy vir ons gedoen het om ons van ons sondes te versoen, ons weet *in wie ons glo*, nie *wat*, *wanneer of dat* ons glo nie.

'n Naderkyk na die eerste van die eerste dinge

Die Evangelie moet eerste geplaas word. Dit moet die prioriteit wees, die parameter waarteen ons alles meet en die beginpunt by uitnemendheid van ons bediening sodat Jesus Christus boweal verhoog kan word.

Die verkondiging van ons redding deur genade alleen, moet die fondasie en motivering wees van 'n 'eerste liefde' gemeente asook in die lewe van elke Christen.

In Titus 2:11-13 sê Paulus: 'Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn. Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe, terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlijkheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.'

Hierdie 'genade uit die verlede' moet verstaan en vertrou word sodat ons God kan ken. In vers 12 noem Paulus egter dat hierdie genade ons egter ook nou leer hoe om te lewe en kan ons daarna verwys as 'genade van die hede'. Ons is nie alleen deur genade gered nie, maar dat ons ook leef deur die genade. In vers 13 maak Paulus weer melding van 'genade vir die toekoms' as hy sê dat ons uitsien na die dag wanneer ons Verlosser weer sal verskyn.

Paulus sê in Romeine 1:16 en 10:17 dat hy wil preek vir *die wat reeds gered is*. Ons groei tog wel in geloof nadat ons reeds Christene is. Geloof kom dus deur die aanhoor van die evangelie en moet ons deur ons hele lewe dit hoor. Dit is nodig dat ons vir onself preek, vir mekaar en vir die verlore nes. Om 'n Christus gesentreerde kerk te bly, moet dissipelskap en evangelisasie teenwoordig wees. Die verkondiging van die evangelie deur die genade in Jesus Christus is die grondslag, vorming en moitvering van 'n Christen se lewe en daarom is dit nodig om beide dissipelskap en evangelisasie te hê. Hierdie genade is die belangrikste faktor in die bediening van 'n vernuwende kerk.

Om die Evangelie van Genade te verstaan.

Die Evangelie is die goeie nuus van God se redding wat deur Jesus Christus ons aangebied is. Dit is nie maar net 'n kaartjie na die hemel nie', maar 'n pakket wat soveel meer insluit as net ons ewige bestemming. Die Evangelie dra die boodskap van God se genade, dat ons deur Jesus Christus se kruisdood gered is sodat ons ons Redder en Verlosser kan dien en gehoorsaam. Ons sondes is gekanselleer en ons lewens verander. Ons was voorheen blind en doof vir die waarheid maar God se genade open ons oë en open ons ore. Voor ons wedergeboorte, was al wat ons kon doen, sonde. God het Sy Seun gestuur sodat ons kon opstaan uit die put van sonde, op ons eie is ons nie daartoe in staat nie. Jesus het gekom om die Ewige Lewe te gee aan die wat geestelik dood is. Die Evangelie verkondig dus nie net hoe ons tot geloof kan kom nie, maar dat Jesus Christus ons aanvaar net soos ons is en ons nooit los net soos ons is nie.

Die Bybel sê dat ons deur ons geloof gered is en dat die geloof self 'n geskenk van God se genade is. (Johannes 6:65, Efesiërs 2:8 en Fillipense 1:29).

Om die Evangelie boodskap van genade binne jou gemeente toe te pas

Die prediking moet gebaseer wees op die Woord van God. Waak daarteen om bloot 'n boodskap van moraliteit oor te dra.

Vermyn foute wat die Evangelie boodskap verdraai

Wanneer satan dit nie regkry om ons te oortuig om die Evangelie te verwaarloos nie, sal hy probeer om dit met 'siekte' te infekteer en te verdraai. Hoe doen hy dit? Hy verlei ons soms om te verval in 'n bepaalde moraliteit waar ons dink dat dit waarmee ons besig is, die sleutel is tot ons heiligmaking. Of ons kan 'n vorm van passiwiteit aanneem waar ons maar glo dat aangesien God deur ons werk en niks uit ons eie krag kan gebeur nie, ons alles oorlaat aan 'n 'laat los en laat God' mentaliteit. Hoe kan ons hierdie valstrik vermyn? Deur te verstaan dat dit 100% God se krag is wat binne my werk en dat ek totaal daarvan afhanklik is, maar dat ek ook myself 100% moet verbind aan wat die Woord van my verwag. Satan kan die Evangelie ook so verdraai dat ons dink ons redding is te vind in ons werke. Die waarheid is egter dat ons nie werk vir ons redding nie, maar vir ons Redder wat reeds die werk voltooi het vir ons volkome verlossing. Jesus het nie gekom sodat ons net gered kan word van ons sonde nie, Hy het gekom sodat ons verander kan word deur die krag van die Heilige Gees wat in ons woon. Die genade van God lei ons nie nader aan die sonde nie, maar juis verder daarvan wanneer ons besef watter prys daarvoor betaal is. In Johannes 14:15 sê Jesus: 'As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.' Die Evangelie moet voortdurend in drie rigtings verkondig word: Aan onself, aan gelowiges as die grondslag, motivering en vorming aan hul dissipelskap en aan die verlore nes vir hul omkeer en verandering.

Fokus op Jesus Christus

Christus gesentreer.

Aangesien Jesus Christus die middelpunt van die goeie nuus is, is 'n Evangelie gedrewe kerk, 'n Christus gesentreerde kerk. Om hierdie rede sal 'n Christus gesentreerde kerk die belangrikheid verstaan om te verklaar dat Jesus Christus is die som, die inhoud, die omtrek en die middelpunt van alle lewe en bediening. Hoe kan ons as kerk wat vernuwing benodig, ons oë gerig hou op Jesus? Al ons prediking en lering moet gefokus wees op Jesus Christus. Ons moet deurgans die klem lê op die uitnemendheid van Christus, die liefde van Christus, die kruis van Christus en die belangrikheid om gehoorsaam te wees aan Christus. Die belangrikste om te onthou is dat die kerk aan Jesus Christus behoort. Dit is nie ons kerk nie, dit behoort nie aan 'n bepaalde denominasie nie, maar dit is die bruid en die liggaam van Christus. Dit is nie ons wat die kerk bou nie, dit is Christus. Ons word bloot opgeroep tot werk onder en saam met Hom.

Vrae wat gevra kan word:

Wat is die gevaar van moraliteit en hoe kan dit 'n negatiewe effek op die kerk hê?

Is jou kerk 'n Christus gesentreerde kerk? Hoe kan dit meer Christus gesentreerd word?

Hoofstuk 6 – Vernuwingstrategie 4: Persoonlike Evangelie vorming (Persoonlike geloofsvorming)

Die dissipline van genade.

Lukas 2:52: 'En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.'

Vier areas waarin Jesus Christus gegroei het, word hier aan ons geopenbaar:

- Wysheid – Intelektuele dissipline
- Gestalte – Fisiese dissipline
- Guns by God – Geestelike dissipline
- Guns by die mense – Sosiale/Verhoudings dissipline

Intelektuele dissipline

Die Christelike lewe word nie beheer deur ons intuïsie of toeval nie, maar deur 'n Goddelike kennis. Romeine 12:2: 'Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe.'

Fisiese dissipline

Die Bybel leer ons dat fisiese dissipline het min waarde, nie geen waarde. Paulus sê in 1 Korintiërs 9:27: 'Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.' Wanneer daar 'n lys van die vrug van die Gees gegee word in Galasiërs 5, word daar verwys na selfbeheersing. Wanneer ons in die Gees saam met Jesus wandel, leef ons nie om te eet nie, maar ons eet om te leef vir Christus, ons leef nie om te drink nie, maar ons drink om te leef vir Christus.

Geestelike dissipline

Die Geestelike dissipline kan in twee kategorieë verdeel word:

- Die dissipline van ontkenning en onthouding en
- Die dissipline van toewyding en ontwikkeling.

Dissipline van ontkenning en onthouding

Die dissipline van onthouding is geweldig belangrik aangesien ons die ou lewe moet aflê en die nuwe lewe moet aanneem.

Eenvoud van die lewe. Dit is die vermoë om te fokus in die lewe, om grense te stel deur die beginsels van effektiwiteit te leer. Om te leer om nee te sê, om die regte dinge effektief te doen.

Matigheid van die lewe. Dit is belangrik om te leef volgens die beginsels van rentmeesterskap. Om nie net ons tyd wys te spandeer nie, maar ook ons middelle. Dit is om te leef binne ons vermoë maar te gee meer as ons vermoë.

Stilte van die lewe. Ons vind ons vreugde daarin om alleen te verkeer met God, deur Sy Woord te bestudeer en deur intiem met Hom te praat in gebed.

Opoffering in die lewe. Wanneer ons eenvoudig leef, matigheid aan die dag lê en in stilte voor God verskyn, sal ons lewe die nodige grense hê sodat ons oor tyd, middelle en energie beskik om op te offer in ons diens aan ons Redder.

Kuisheid in die lewe. Vlug van versoeking en streef daarna om kuis te leef en ook hierdeur God te eer in alle aspekte van jou lewe.

Dissipline van toewyding en ontwikkeling

Die bestudering van God's Woord. Die Bybel doen 'n beroep op ons om die werkers te wees wat die Woord van God bestudeer. 2 Timoteus 2:15: 'Lê jou daarop toe om jou tot beskikking

van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.'

Voorbidding en gebedsoordenking. Ons verhouding met God is 'n dialoog en nie 'n monoloog nie. God praat met ons deur Sy woord en ons praat met Hom deur gebed.

Mediteer (herkou) en memoriseer. Die woord mediteer kan verduidelik word deur die woord oordink. Ons moet die Woord van God oor en oor bestudeer en oordink sodat ons al die 'voeding' wat nodig is vir groei, daaruit kan put.

Refleksie. Deur die Woord te bestudeer en deur te bid, verkry ons insig, riglyne en kennis. Deur die Woord te oordink en te memoriseer, verkry ons helderheid (duidelikheid) en deur te reflekteer verkry ons toepassing en implikasie. Wat sê die Woord van God vir my in verband met Sy almag en majesteit? In die lig van dit wat ek leer, op watter wyse en tot watter mate word ek gekorrigeer? Hierdie vrae behoort my te lei na 'n belydenis.

Belydenis. Sodra 'n gelowige die woord van God bestudeer, daarvoor nadink en reflekteer, raak ons bewus van ons tekortkominge en sonde. Deur die genade van God kom ons dan tot die besef dat ons maar kan vlug na Sy genadetroon vir hulp en leiding. Ons bely ons sonde.

Toewyding. Aangesien God ons liefhet, wetende dat ons van ons sonde gereinig is, dat ons 'n Verlosser het, kan ons as instrumente in God se koninkryk gebruik word. Om Hom met toewyding te dien, ook in die uitbreiding van Sy koninkryk.

Gedissiplineerde Christene sal gevind word in 'n kerk wat dissipelskap toepas

'n Kerk moet eerstens 'n gedissiplineerde kerk wees voordat daar dissipelskap binne die kerk gevind sal word. 'n Kerk kan nie weggee aan ander wat hy nie self het nie. Die lidmate van die kerk sal nie ander kan leer aangaande sake van die geloof, indien hulle nie self geleer is nie. Net soos wat 'n vliegtuig beide sy vlerke nodig het om te vlieg, net so het die Christen beide dissipline en beginsels nodig in ons strewe na heiligmaking. Christene moenie probeer om op eie krag hul verantwoordelikhede te dra nie. Ons moet steun op die Heilige Gees wat in ons werk. Aan die ander kant kan ons nie maar net aanvaar dat ons geen verantwoordelikheid het nie omdat ons afhanklik is nie. God maak dit vir ons moontlik om te werk, maar Hy doen nie die werk vir ons nie. Die Christelike lewe is dus 100% afhanklik van genade en word 100% gedissiplineer deur genade. God se genade het vir ons drie dinge voortgebring: verlossing (genade uit die verlede), die dissipline om die dinge van die wêreld te weerstaan (genade van die hede) en hoop (toekomstige genade).

Die noodsaaklikheid van kerk dissipline

Vir jou om 'n gedissiplineerde kerk te hê, wat dan ook 'n dissipelskap kerk sal wees, sal dit nodig wees om dissipline te leer en toe te pas.

Vrae wat gevra kan word:

Word mense in die kerk bloot geleer of word hulle geleer om waar te neem en selfdissipline te bevorder en kerkdissipline toe te pas?

Hoofstuk 7 – Vernuwingsstrategie 5: Die prioriteit van voorbedding

Die bediening van gebed

Indien ons wil sien dat ons gemeentes groei van 'n flou kooltjie na 'n brandende vlam, is gebed die suurstof wat nodig is vir hierdie om te gebeur. Sonder gebed sal geen inset deur mense alleen, die resultaat lewer nie. Indien voortdurende gebed nie die geestelike vuur aansteek nie, sal ons net gefrustreerd raak in ons pogings om te vernuwe.

Die prioriteit van gebed

Indien die verkondiging van God se genade, die eerste van die eerste dinge is, dan is gebed die tweede. 'n Sterwende kerk het definitief gebed nodig. Die vroeë kerk in Jerusalem was in elke opsig suksesvol en die een groot rede hiervoor was dat dit gebou was op gebed.

Die dissipels het na die bokamer gegaan om te bid soos wat hulle gewoonte was. Op daardie bepaalde dag is die Heilige Gees uitgestort en het 3000 mense tot bekering gekom en is gedoopt. (Handelinge 2:41). Al hierdie dinge het gebeur in reaksie op gebed. Dit maak nie saak hoe sleg dit gaan met 'n gemeente nie, deur gebed en die werking van die Gees, kan vernuwings en herbouing plaasvind.

Die prioriteit van lofprysing

Gebed is die manier waarop ons met God praat en die Woord is die manier waarop God met ons praat. Hierdie twee dinge loop altyd hand aan hand. Wanneer ons dus die Woord bestudeer en volgens die Woord bid, praat ons in der waarheid met God deur Sy eie woorde. Wanneer daar dus tot God gebid word in Sy eie woorde, word daar gebid in ooreenstemming met Sy wil en sal die gebede meer gereeld beantwoord word volgens Sy wil.

Gebed en uitverkiesing

Die doel van gebed is nie sodat God se planne verander kan word nie, maar sodat ons deel kan hê in die uitvoering van Sy plan. Ons vind motivering om te bid in die feit dat ons weet God is in beheer.

Pleidooie en petisies

Soos die vroeë Christene, moet ons God vra om groot dinge in ons lewe en bediening te doen. Indien ons enige iets minder as dit vra, plaas ons twyfel in die dit waartoe God in staat is, asof Hy nie veel meer kan doen as dit wat ons vra nie. Efesiërs 3:20: 'Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink...'

Gebed werk?

Daar word in 'n sin van Christene verwag om te sê dat gebed werk. Dit is in 'n mate waar, maar dit is beter om te sê dat *God deur gebed werk*. Die krag wat aan die werk is, behoort aan Hom en nie aan die gebed op sigself nie. Wanneer jy 'n suksesvolle operasie ondergaan het, gaan jy nie terug en bedank die skalpel nie, jy bedank die chirurg. So is gebed die skalpel, maar is dit God wat die werk gedoen het. Dit is belangrik om te onthou dat ons ons wil bekend maak deur gebed, onder leiding van die Gees en ingelig deur die Woord. Die doel van gebed is nie om God se wil in lyn te bring met ons wil nie, maar vir ons om ons wil in lyn te bring met God se wil. Soos Jesus in die tuin gebid het: '...Laat nogtans nie my wil nie, maar u wil geskied.' (Lukas 22:42) en in die modelgebed in Matteus 6:10: '...laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.'

Satan se prooi is leierskap en hy bid teen leierskap. Die verskil tussen Judas en Petrus wat beide vir Jesus verraai het, is egter te vind in die gedeelte in Lukas 22:32: 'Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.' Dit is deur die voorbidding van Jesus Christus, dat Petrus staande gebly het ten spyte van sy verraad, sodat hy voorberei kan word vir sy verdere bediening. Die kerk kan vernuwe word wanneer goddelike mans en vroue die duiwel bestry met die swaard van die Gees.

Vrae wat gevra kan word:

Indien gebedsbediening gebruik kan word as die termometer wat jou gemeente se gesondheid aandui, hoe gesond is jou gemeente?

Hoofstuk 8 – Vernuwingsstrategie 6: Om die prediking primêr te hou

Die bediening van die Woord

Die apostels het die model vir alle kerkleierskap daargestel. In Handeling 6:4 het hulle gesê: 'Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.'

Die vroeë kerk in Jerusalem was suksesvol en een van die grootste redes hiervoor was dat die Woord van God die fondasie was van alles wat hulle as liggaam van Christus gedoen het. Handeling 2:42 som die aktiwiteite van die kerk op: 'Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.' Die apostels se lering, dui op die verkondiging van die Woord, hulle verbondenheid,

was die bediening van die Woord wat gedeel is, die brood wat gebreek is, dui op die Woord wat sigbaar gemaak is en gebed was die bediening van die Woord wat teruggekeer het. Alles wat hulle as kerk gedoen het, het gewentel om die Bybel en hul toewyding was die sleutel tot sukses.

Die boodskap wat verkondig word

'n Evangelisasie boodskap

Eerstens moet die goeie nuus van Verlossing verkondig word.

'n Christus gesentreerde boodskap

Tweedens moet die prediking fokus op die persoon en werk van Jesus Christus. Die menslike geskiedenis wentel om Jesus Christus en alles in die Bybel handel op een of ander manier oor Hom. Die Evangelies leer Sy werke en woorde, Handelingte verduidelik hoe Hy die kerk gebou het, die sendingbriewe sluit af met Sy verlossing en draai ons terug na Hom as ons enigste bron van verlossing. Indien 'n preek dus nie daarin slaag om ons te vertel van die persoon en werk van Christus nie, het dit nie daarin geslaag om die bedoeling en rede van die teks wat verduidelik word, oor te dra nie. Dit het ook nie daarin geslaag om die bedoeling en rede van die preek self oor te dra nie.

'n Godgegewe boodskap

2 Timoteus 3:16 lui: 'Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek..'

Die doel van prediking is om die *Woorde van God self* aan ander te kommunikeer. Wanneer 'n preek dus voorberei word, is dit belangrik om *dit wat God gesê het* so duidelik en akkuraat as moontlik oor te dra. Wanneer ons 'n bepaalde tema aanspreek, is dit belangrik om te kommunikeer wat God deur daardie tema wil sê.

'n Waardevolle boodskap

Soos Paulus in 2 Timoteus 3:16 noem, het dit groot waarde om God se boodskap aan ander te kommunikeer. God se gedagtes en idees het Goddelike krag om die harte en lewens van ander aan te gryp en te verander, ongeag die swakheid van die persoon wat die boodskap bring.

'n Lewensveranderende boodskap

God weet wat elke persoon nodig het, beter as enige predikant. Wanneer ons dus getrou verkondig wat Hy wil hê mense moet hoor, word lewens deur Sy Gees verander. Die prediking moet mense help om dit wat hulle geleer het, toe te pas in hul lewens, nie net wanneer daar 'n sondebeseft is nie, maar dit moet 'n deurlopende, daaglikse proses wees.

Paulus is 'n inspirerende voorbeeld van iemand wie se bediening al die elemente van lering, berisping, verbetering en die leer in regverdiging, ingesluit het.

'n Boodskap wat toerus

In 2 Timoteus 3:17 gee Paulus die rede vir die lering en prediking in God's woord: '..sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.'

Paulus sê dus dat die prediking en lering binne die kerk hoofsaaklik ten doel moet hê om die gelowiges toe te rus en te bou sodat hulle beter aanbidders en dienaars van God kan wees. In Efesiërs 4:11-12 staan daar: 'En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.'

Hierdie verse wys die mees omstrede sake binne die kerk aan. Fokus ons op die bediening aan gelowiges tydens ons lofprysing of om uit te reik na nie-gelowiges? Dit is uiters belangrik dat ons sensitief sal wees vir die behoeftes van die nie-gelowiges en om hulle nie onnodig te affronteer nie. Die ou gesegde lui dat die kerk moet vergader om God te loof en moet versprei om te evangeliseer. Die erediens moet hoofsaaklik daarop fokus om Christene te versterk, bemoedig en leer sodat hulle die evangelie kan neem na die wat nodig het om dit te hoor. Die gevaar bestaan dat wanneer daar net op die prediking aan nie-gelowiges gefokus word, die kerk ondervoed kan wees en alhoewel baie mense by die voordeur inkom, hulle uitgaan by die agterdeur voordat hulle voldoende onderrig is in die geloof.

Die gevaar bestaan dat wanneer 'n kerk soeker gesentreerd is, dit nie altyd Bybels georiënteerd is nie. Wanneer gelowiges voortdurend deur die Woord versterk word, sal hulle "soekers" wees wat ook die evangelie uitdra aan 'n wêreld wat nodig het om die waarheid te leer.

'n Voldoende boodskap

In 2 Timoteus 3:17 sê Paulus: '..sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.' Die Bybel bevat alles wat ons nodig het vir lewe en godsvrug en moet ons versigtig wees om nie buite dit wat geskryf is te beweeg vir ons geestelike antwoorde nie. Sommige predikers dink hulle is slim om die gelowiges idees te voer van antieke filosowe, populêre sielkundiges en kontemporêre kritici. Hulle wek die indruk dat

ons moet verbeter op die uitgedateerde beginsels van die Bybel indien ons werklik 'n impak op mense se lewens wil maak. Romeine 1:22 waarkse egter: 'Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas.' God het in Jeremia 2:13 gesê: 'My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.' Alle waarheid, is God's waarheid, maar God's Woord is waarheid en daarom moet elke verklaring van die waarheid gebaseer en getoets word op die Woord van God.

Die man wat preek (verkondig)

Nadat Paulus die boodskap wat verkondig moet word, binne die konteks van kerk vernuwing, beskryf het, het hy die persoon wat die boodskap moet bring, beskryf. In 2 Timoteus 4:1-5 sê Paulus: 'Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap: verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee, want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie gebeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor. Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.'

Paulus sê dat die man van God, leef en preek (spreek) in die teenwoordigheid van God.

Die meeste predikante is besorg oor die gemeente. Hulle wil graag hê die gemeente moet luister, verstaan en groei deur dit wat hulle in die kerk ervaar. Dink ons egter aan God in daardie uur? Is ons gestel oor Sy teenwoordigheid in daardie uur? Ons is veronderstel om te wees, want Hy is die primêre rede waarom ons daardie uur in die kerk is.

Die man van God leef en preek met die oog op Christus se wederkoms.

Die man van God is ywerig (gereed) in sy voorbereiding.

Verklarende prediking is 'n baie veeleisende dissipline. Om hierdie rede is dit baie skaars. Die sistematiese prediking van die Woord, is nie moontlik indien daar nie 'n sistematiese bestudering daarvan is nie. Predikante moet hulself daagliks ingrawe in die bestudering van die Woord, dit is nie genoeg om maar net 'n paar verse te bestudeer ten einde 'n preek te skryf nie.

Die man van God is gedetermineerd en geduldig.

Die woordverkondiger moet vermaan, tereg wys en berispe met absolute geduld en lering. Die bediening vereis 'n ekstra dosis geduld aangesien mense gewoonlik gewys moet word op iets wat hulle nie graag wil hoor nie. Dit is belangrik om die Woord van God te spreek, ongeag van hoe die mense daarvoor mag dink of daarop mag reageer. 2 Timoteus 4:5 'Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al

die pligte van jou bediening uit.' Doen hierdie dinge sodat jy eendag die woorde van God sal hoor: 'Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf.' Matteus 25:21.

Die man van God is ernstig oor sy werk.

Woordverkondigers werk in 'n ernstige omgewing. Dit is lewe of dood, hemel of hel. Predikante is 'sielsdokters' en die mense wat behandel word, het meestal siektes van die siel. Humor het dus 'n plek, maar moet dit nie die oorheersende manier van leer/praat wees nie.

Die man van God is gefokus en doelgerig in sy bediening.

Dit is belangriker vir 'n predikant om sy bediening te vervul as om vervul te word deur sy bediening. Hier is 'n belangrike verskil tussen die fokus op jouself en die fokus op ander. Dit is die verskil tussen motivering deur jou eie doelwitte of motivering deur die doel van God. Paulus verwys na '...die man wat in diens van God staan..' (2 Timoteus 3:17). Dit is voorwaar 'n man se werk, nie 'n werk vir swakkeling of lui mense nie. Predikante moet baie moeilike omstandighede die hoof bied, hulle moet pro-aktief optree om die verlore nes te bereik, hulle moet hulself daarop toelê om met die volle spektrum van verantwoordelikheid waarmee God hul bediening gevul het, om te gaan.

Die rol van kerkregering in die bediening van die Woord (Church officers)

Vir 'n kerk om te groei van 'n gloeiende kool na 'n brandende vuur, is dit nodig dat God's Woord verkondig word deur begaafde en opgeleide persone. Om hierdie rede het predikante tyd nodig om te bid, te bestudeer en voor te berei. Die bediening van die Woord kan nie floreer en nuwe lewe bring indien die wat leer en preek nie die tyd het om voor te berei nie. Met hierdie ingedagte, is die bediening van ouderlinge en diakens onmisbaar. Hierdie strukture moet in plek wees sodat die predikant tyd het om sy werk in die gemeente te doen. Daar word van te veel predikante verwag om 'n "jack-of-all-trades and master of none" te wees. Hulle is die aanbiddingsleier, die musiek koördineerder, neem leiding in katkisasie, die primêre evangelis, die berader, die adverteerder, die boekhouer en so meer. Te midde van al hierdie verantwoordelikhede word daar dan ook van hulle verwag om 'n lewensveranderende boodskap op 'n weeklikse basis te lewer. Predikante het gewoonlik groot harte en sal al bogenoemde behartig, maar is dit werklik die dinge waarmee hulle hulself moet besig hou?

Hoofstuk9 - Vernuwingsstrategie 7: Bly missiegedrewe deur 'n visie

Fokus en eenvoud in 'n dag van kompleksiteit en chaos

Soms gebeur dit dat die kerkleiers na niks mik nie en dit dan laat lyk asof hulle weet wat hulle doen. Dit is belangrik om onderskeid te tref tussen misie en visie. Die missie is wat God die

gemeente geroep het om te doen tot Sy eer, terwyl die visie dit is wat God wil hê die gemeente moet wees wanneer die missie volbring is. Missie is dus die doel en visie is die passie.

'n Missie van God

God het jou gemeente vir 'n bepaalde doel geskep en daardie doel is uniek binne die situasie wat God die gemeente geplaas het. Die gemeente moet dus dink aan hul posisie binne die wêreld rondom hulle. Dit is maklik om te sê dat die gemeente bestaan om God te loof, maar dit is ook nodig om te dink *hoe* die gemeente God kan loof as in ag geneem word waar die gemeente is en wie die gemeente is.

Heelwat kerke word geplant en gelei asof dit nog in die 1750's tuis behoort. Die manier waarop die Evangelie gekommunikeer word en die doelwitte van die bediening bereik word, moet verander ten einde in pas te wees met die tyd waarin die gemeente bestaan. Indien ons 'n liefde vir mense het, sal ons nie alleen die waarheid praat nie, ons sal ook in liefde na hulle luister ten einde hul perspektief te verstaan. Ons lewe in 'n tyd van skeptisisme en relativiteit en is die vraag wat gevra word nie meer of Christenskap waar is of nie, maar bestaan daar enige waarheid? Wanneer die missie van 'n gemeente bepaal word, is dit belangrik om hierdie vraag te vra. Paulus het die belangrikheid van konteks in sy bediening verstaan. In Handeling 17 word ons daarop gewys dat hy uit die Ou Testament gepreek het toe hy na die Jode in die sinagoge gegaan het. Toe hy egter die Grieke in die markplein in Atene toegesprek het, het hy begin met die bestaan van God en skepping. Hy het geweet dat die Jode alreeds in God geglo het, maar die Grieke nie. Al was Paulus se boodskap en doel dieselfde, het hy sy bediening aangepas by die situasie waarin hy was.

Stel jou missie

Wanneer jou gemeente hul missie oorweeg, moet die volgende vyf vrae gevra word:

- Wie is ons?
- Wat doen ons?
- Waar doen ons dit?
- Hoe doen ons dit?
- Hoekom doen ons dit?

Wie is ons? Die gemeente moet verstaan wie hulle is aangesien 'n missie 'n duidelike identiteit benodig. Die gemeente moet dus in die missie sê wie hulle is. *Ons is die Gereformeerde Kerk Frankfort*. Om te verstaan en oor te dra wie die gemeente is, vorm die grondslag vir die verstaan en duidelike oordrag van die missie waartoe die gemeente geroep is.

Wat doen ons? Noem in die missie dat die gemeente fokus op die aanbidding van God en om mense vir Christus te bereik. Stel byvoorbeeld duidelik dat lering voor evangelisasie kom. Die stelling moet mense inlig wat hulle van die gemeente kan verwag.

Waar doen ons dit? Die missie moet aantoon waar die gemeente se bediening gesetel is, *byvoorbeeld in Frankfort*. Wys egter ook daarop dat alhoewel die bediening in 'n dorp gesetel is, dit ook uitreik na die wêreld daarbuite. Daar moet dus geen verrassings wees indien 'n vergadering van 'n Evangelisasiekommissie, op die kerkkalender geskeduleer is nie.

Hoe doen ons dit? Die gemeente doen dit deur Christene toe te rus. Die kerk is dus nie net 'n kerk vir soekers nie, maar is dit 'n gemeente wat mense oplei ten einde die verlore nes op te soek. Die kerk het 'n bepaalde impak in die wêreld en moet daar nie staatgemaak word op mense wat na die kerkgebou gaan kom om Christus te vind nie, maar wanneer Christus na hulle geneem word waar hulle ook al in die wêreld is. Bly egter sensitief vir die behoeftes van die nie-gelowiges (soekers).

Hoekom doen ons dit? Doen dit tot God's eer, sodat Hy behaag word. Die gemeente moet bestaan vir God se glorie en nie hul eie nie.

Ontwikkel 'n visie

Indien *missie* God se doel met jou gemeente is, dan is *visie* die vermoë om te sien hoe daardie doel binne jou wêreld geïmplementeer word. Visie moet begin met 'n missie omdat jy eerstens moet weet waartoe God jou geroep het. Die leierskap van die gemeente moet die volgende oorweeg wanneer hulle 'n visie vir die gemeente wil ontwikkel:

Die predikant se sterk- en swakpunte en sy roeping. Die visie van 'n gemeente moet eerstens die predikant se passie en gawes in ag neem. Daar moet gedeelde leierskap bestaan en meer as een persoon moet eienaarskap neem van die implementering van die visie. Een persoon moet egter die leiding neem binne hierdie gedeelde leierskap en die beste persoon vir die rol is die predikant. Die visie moet egter nooit net aan die predikant behoort nie, dit moet deur die ander leiers (kerkraad) omhels, versterk en vergroot word ten einde die gemeente te neem na 'n brandende vuur. Indien die gemeente nie ook eienaarskap van die visie neem nie, is dit 'n doodgebore visie. Die gemeente moet ook eienaarskap neem van die bediening kan hulle onder die indruk kom dat dit slegs aan die predikant behoort en dit dan ook aan hom oorlaat om daarvoor te sorg.

Alhoewel die predikant die leiding moet neem in die implementering van die visie is dit belangrik dat hy, saam met die kerkraad die volgende moet oorweeg: Hoekom is ek by hierdie kerk? Hoekom glo ek het God my na hierdie gemeente gestuur? Wat is God se doel met hierdie gemeente en vir my as hul predikant? Wat is die predikant se sterk- en swakpunte? Die

kerkraad moet egter nie net op die predikant se swakpunte fokus nie, maar juis kyk hoe kan hulle met sy sterkpunte werk.

Die gemeente se geleentheid. Die visie van 'n gemeente moet die gemeente se ligging, geleentheid, bates en hulpbronne ingedagte hou. Ontvang die gemeente dalk meer kollektes as ander, sodat hulle hierdie kollektes kan aanwend tot ander se voordeel?

Die bediening van ander plaaslike gemeentes. Bepaal waarmee is ander gemeentes in jou omgewing mee besig en wat kan jou gemeente doen wat uniek is. Wees bewus van wat reeds in jou gemeenskap gedoen word en ontwikkel 'n bediening wat sal help om nuwe dinge te ontwikkel.

Die behoeftes van die gemeenskap. Die visie van jou gemeente moet ook gebaseer wees op die behoeftes en geleentheid van jou gemeenskap. Dit kan dalk nodig wees om die gemeente se ingesteldheid te verander van 'n 'ontvang gemeente' na 'n 'missionêre gemeente'. Kyk na die situasie soos dit nou is en nie soos dit was nie. Die buurt verander, wie bly nou in jou kerk se omgewing? In die studie na die dinamika van die gemeenskap rondom die gemeente, sal jul die wysheid bekom wat nodig is om te beweeg van 'n 'gloeiende kole na 'n brandende vuur'.

Visie aan die werk

Die visie van die Briarwood Presbyterian Church is om 'n 'episentrum kerk' te wees. 'n Episentrum is die punt waar 'n aardbewing begin. Skokgolwe word kilometers vër in elke moontlike rigting vanuit hierdie punt uitgestuur. Bogenoemde gemeente het God gevra om 'n 'Evangelie aardbewing' by hul te begin (die eipsentrum) wat sal uitkring in elke rigting. Die tipe skokgolwe wat hulle graag sal wil sien is Evangelisasie, dissipelskap, kerkplanting, kerkvernuwing en dade van liefde, genade en geregtigheid.

Dit is belangrik dat 'n gemeente hul visie in die gemeenskap kommunikeer aangesien daar geen groter manier is waarop gemeentelide en voornemende gemeentelide gemotiveer kan word nie. 'n Visie motiveer mense meer as 'n skuldgevoel. Mense het 'n evangelies gedrewe motivering nodig vir die bediening. 'n Skuldgevoel mag mense dalk 'n eerste en tweede keer motiveer, maar dit kan nie kreatiewe, opofferende, vreugdevolle en 'n standhoudende diens verseker nie. Ontwikkel jou missie en visie en implementeer dit, eerder as om te vra hoe die gemeente meer hulpbronne kan kry sodat hulle sekere doelwitte kan stel. Indien die missie en visie mense beïnvloed, sal hulle op 'n kreatiewe, opofferende en vreugdevolle manier voorsien in die hulpbronne wat die gemeente nodig het. Sodra 'n visie ontwikkel, geïmplementeer en nagestreef word wat die Here verheerlik, sal jy bewus raak van hulpbronne wat nog nooit benut is nie. 'n Bediening word selde voorafgegaan deur hulpbronne. 'n Effektiewe bediening word gevolg deur hulpbronne wat die bediening bevestig en uitbrei. Effektiewe bediening vind plaas

wanneer bevoegde leierskap vergader rondom die bybelse visie van 'n goddelike *dromer*? (*visionary*).

Versiende visie

'n Visie wat die Here eerbiedig en mense binne die kerk opgewonde maak, kan nie beperk word tot onmiddellike en korttermyn doelwitte nie. Alhoewel hierdie korttermyn doelwitte belangrik is om vordering aan te dui, moet die kerk se visie verby die hede strek. Dit is belangrik om die volgende vraag te beantwoord: Hoe sal dit wat ons nou doen die volgende generasie en die volgende 10 generasies bevoordeel? Soms mag dit onmoontlik lyk om hierdie doelwitte te bereik, maar is God ingenome met hierdie doelwitte indien hulle in geloof en afhanklikheid van Sy krag en genade, opgestel word. Perimeter Church het die volgende motto gehad: 'We want to attempt something so great for God that it is doomed to failure unless God is in it.'

As jy vernuwing in jou kerk wil sien, moet jy 'n "God grootte" visie hê en nie 'n "man grootte" visie nie. Wanneer God Sy werk deur jou volbring moet mense nie anders kan as om te sê dat dit voorwaar God se werk is nie.

Vrae om te vra:

Het jou gemeente 'n missie?

Hoofstuk 10 - Vernuwingsstrategie 8 : Dienaar (leierskap) vermenigvuldiging

'n Effektiewe, maar verwaarloosde strategie vir kerk lewenskrag (lewensvatbaarheid)

Leiers het 'n groot impak op mense en kan geen kerk vernuwe indien daar nie goeie leierskap bestaan nie.

Waar is die goeie leiers?

In die verlede het mense wat as leiers in die kerk gedien het, ook as leiers in die gemeenskap (besigheid en regering) opgetree. Hierdie oorfloei van kerkleierskap na die gemeenskap, was so kragtig dat selfs nie-Christene die konsep en metodes van hierdie kerkleiers aangeneem het. Vandag is dit egter 'n heel ander storie. Die kerk definieër nie meer leierskap vir die gemeenskap nie en self lewer nie kerk nie meer leiers vir die gemeenskap op nie. Hierdie proses moet omgedraai word sodat dit wel weer die geval kan wees. Leiers moenie net in die kerk ontplooi word nie, maar ook in die besigheidsgemeenskap, regering, skole, kunste en vermaaklikheidswêreld.

Wat is goeie leierskap?

Die tipe leierskap wat nodig is in die kerk, kan deur die volgende drie stelreëls gedefinieër word: Goeie leiers leer uit die verlede maar leef nie in die verlede nie; goeie leiers leef in die hede maar hulle versoen nie daarmee nie (they do not accommodate to it). Hierdeur is hulle 'termostate' en nie 'termometers' nie. Termometers reflekteer bloot die omgewing rondom hulle, terwyl termostate die omgewing verander; goeie leiers kyk na die toekoms maar wag nie daarvoor nie.

Die effek van Goddelike leiers

Die definisie van leierskap beteken invloed. Vir leierskap om egter goed te wees, moet dit iets wees wat van God kom en ander na God wys. Hoe beïnvloed die goddelike leier ander om meer goddelik te leef?

Opleiding Mense leer deur instruksie. Paulus sê in 2 Timoteus 2:2 'Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, met jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.'

Goeie leiers in die kerk sal altyd ander leer aangaande die weë van God. Paulus sê ook in 2 Timoteus 4:2 '..verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig, weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee..'

Beliggzaam/verpersoonlik Goeie leiers sal die waarheid wat hulle verkondig, ook self toepas (practice what you preache). Mense leer grotendeels by wat hulle sien, deur ander se gedrag dop te hou (woorde wek maar voorbeelde trek). Paulus sê in 1 Korintiërs 11:1 'Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.' en in 1 Timoteus 4:12 'Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.'

Bemagtiging Persone wat ander beïnvloed, doen nie alleen wat hulle verkondig/preek nie, maar hulle bemagtig ook ander om sukses te behaal.

Evaluasie Persone wat ander beïnvloed bevestig of dit wat gedoen is, goed was, maar identifiseer ook die areas waar verbetering nodig is. 'n Leier moet in kontak te bly met mense se doen en late, hul suksesse vier, hul werk bevestig en evalueer. Deurdat 'n leier betrokke bly by die mense wat geleer is, bevestig dat hy nie alleen besorg is oor die missie nie, maar ook met die mense.

Die effektiwiteit van Goddelike leiers

'n Leiers is iemand wat ander beïnvloed om effektief 'n gedefinieërde missie te bereik. 'n Goeie leiers sal saam met die wat hom volg, die regte dinge op die regte manier en die regte tyd vir die regte redes doen. Deur slegs besig te wees gee geen waarborg dat jy effektief sal wees nie.

Iemand het eenmaal genoem dat jy die mees effektiewe leerklimmer binne die besigheid kan wees, maar indien jou leer nie teen die regte muur staan nie, gaan dit jou geensins help nie.

'n Goeie leier weet hoe om op voortreflike wyse doelwitte te behaal. 'n Goeie leier plaas eerste die belangrikste prioriteite in die houer (die groot klippe) en indien daar dan nee gesê moet word vir sekere dinge, sal dit die minder belangrike dinge wees (die sand en gruis in die houer), eerder as om die belangrike dinge af te skeep. 'n Leier se eerste motivering moet wees om ander te leer en lei tot die glorie en almag van God en tot die beswil van ander.

Die nalatenskap van Goddelike leiers

(Fokus op die predikant) 'n Sleutelwoord in leierskap is *saam*. 'n Goeie leier beïnvloed ander om SAAM die missie te bereik. 'n Leier is nie iemand wat alleen die bediening binne 'n gemeente behartig nie. Dit is iemand wat ander aantrek, ontwikkel en uitstuur om die bediening saam met hom te behartig. Efesiërs 4:11-12: 'En dit is die "gawes" wat Hy "gegee het" : apostels, profete, evangeliste en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.'

Suksesvolle organisasies het leiers wat doelbewus en deurlopend hulself dupliseer binne elke vlak van die organisasie. Hulle delegeer verantwoordelikheid aan ander binne die gemeente. Indien 'n leier alles self behartig, is dit net 'n mors van tyd. Wanneer 'n leier in die bediening egter saam met ander werk, sal alles wat gedoen word aansluit by dissippelskap en leierskapsopleiding. Nie net word daar bedien nie, maar word 'n model daargestel wat nagevolg kan word. Jy moet jouself reproduseer binne alle vlakke van God se organisasie. Wanneer 'n predikant nie meer in 'n gemeente dien nie (trek/sterf) en hy het nie ander leiers opgelei om aan te gaan nie, was hy nie 'n goeie leier nie. (Dit moenie 'n "predikant" gemeente wees nie, moenie aangedryf word deur die inisiatiewe en werk van die predikant nie.)

Die profiel van 'n leier wat homself dupliseer (vermenigvuldig)

Die toets vir 'n goeie leier is nie die breedte van sy of haar navolgers nie, maar die kwaliteit leiers wat hy of sy dupliseer deur hul aan te trek, te verfyn, ontwikkel en leer om dissippels te wees.

Hou die volgende ingedagte wanneer die kerkleierskap vermenigvuldig moet word:

- 'n Leier wat dupliseer is 'n leier wat leer.
- 'n Leier wat dupliseer gryp die geleentheid aan om te leer. Ons Vader gebruik uitdagings, teënspoed en mislukking om 'n leier te leer om te groei.
- 'n Leier wat dupliseer is altyd besig om ander te leer.
- 'n Leier wat dupliseer help ander om die geleentheid vir persoonlike leergeleentheid aan te gryp. Dikwels kom hierdie leergeleenthede in tye van teënspoed en is dit vir die

predikant 'n uitdaging om te midde van hierdie teënspoed aan die persoon uit te wys dat hy/sy daaruit moet leer sodat hul nie nodig sal hê om weer daardeur te gaan nie.

- 'n Leier wat dupliseer maak gebruik van bepaalde grondreëls. Hy stel alle idees in duidelike terme waaraan ander kan vashou en uitleef.

Al bogenoemde is egter van geen waarde indien dit nie die voorbeeld van ons leier, Jesus Christus, navolg nie.

Die kurrikulum vir leierskapsontwikkeling

Hoe kan 'n leier wat invloed het, effektief is en oor die vermoë beskik om ander leiers op te lei tot eer van God, gedupliseer word?

Die antwoord is in Hebreërs 13:7 : 'Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.' Wanneer leiers vir die kerk opgelei word, moet hulle opgelei word in die areas van *karakter, inhoud en bevoegtheid*.

Karakter. Een van die redes waarom opleiding moet begin by karakter, kan gevind word in 1 Timoteus 3. Vyftien van die sewentien kwalifikasies behels karakter en optrede en slegs twee hou verband met vaardigheid. Dit kan soms gebeur dat 'n gemeente 'n predikant het wat onderskeidings op enige vakgebied het en kon behaal, maar hulle verwoes die kerk aangesien hulle oor geen karakter beskik nie. Aan die ander kant kan die gemeente 'n predikant hê wat wel oor die nodige karakter beskik maar glad nie noodwendig op intellektuele standaard is nie. Een van twee dinge gebeur egter met hulle in die bediening; Deur harde werk raak hulle al meer bevoeg vir die taak ophande, of hulle omring hulle met mense wat vergoed vir hulle eie swakhede. Die kerk sal van 'n gloeiende kool na 'n brandende vuur gaan wanneer daarin geslaag word om leierskap te identifiseer wat oor menslikheid sowel as sterk leierseenskappe beskik. Indien die leierskorps oor die nodige vaardighede beskik maar geen karakter het nie, bestaan die gevaar dat hulle ander sal manupileer tot hul eie voordeel.

Robert E. Lee het eens gesê: 'Omstandighede dikteer nie ons karakter nie. Dit ontbloot ons karakter en gee die geleentheid om dit te verfyn.'

Leiers moet gerespekteer word vir die feit dat hulle oor 'n goeie karakter beskik. 1 Timoteus 3:2 sê ; "'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig." Hierdie karaktereenskappe is 'n produk van God se genade wat geopenbaar word in absolute afhanklikheid van Christus, toegewy aan Christus en 'n doelbewuste dissipline vir Christus. 'n Ware karakter word van binne na buite gevorm. Dit gebeur egter nie oornag nie, maar ontwikkel met verloop van tyd. Eienskappe wat na vore tree van iemand met 'n goeie karakter is selfbeheer, selfontwikkeling en selfverloëning.

Inhoud. Die inhoud waarmee leiers hulle moet bemoei tydens opleiding is die leerstellings (dogma) van die Skrif.

Bevoegtheid. 'n Goeie leier het sekere ondervinding en die vermoë om die werk te doen wat voorhande is.

Bedieningsvaardighede. 'n Leier moet weet hoe om die gemeente te bedien en toesien dat hulle groei in geloof.

Mentorskap. 'n Goeie leier moet leer hoe om 'n mentor te wees wat die Woord van God verkondig en wat daartoe aanleiding gee dat hierdie goeie leierskap in stand gehou en gedupliseer word. 2 Timoteus 2:2 : 'Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.'

Bestuursvaardighede. 'n Potensiële leier moet geleer word om homself, sy familie en kerk te bestuur. 1 Korintiërs 9:27 verduidelik: 'Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.' en in 1 Timoteus 3:4-5 verduidelik Paulus aan die ouderlinge: 'Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen. Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem?'

'n Paar basiese beginsels en riglyne vir goeie leierskap:

- Effektiewe leiers neem risiko's maar ignoreer nie die realiteit nie.
- Effektiewe leiers is innoverend sonder om snaaks te wil wees.
- Effektiewe leiers neem beheer maar onderdruk nie ander mense nie.
- Effektiewe leiers koester hoë verwagtinge van ander maar verwag nie die onmoontlike van hulle nie.
- Effektiewe leiers behou 'n positiewe ingesteldheid maar bly in voeling met die realiteit.
- Effektiewe leiers skep geleenthede vir sukses in die klein dingetjies en moedig ander aan om ook groter uitdagings aan te pak.
- Effektiewe leiers lei van voor maar bly in voeling met die wat volg.
- Effektiewe leiers gee in die openbaar krediet aan ander vir hulle suksesse maar aanvaar self verantwoordelikheid vir enige mislukkings of terugslae.
- Effektiewe leiers beplan hulle werk en werk dan volgens daardie plan. Hulle onthou altyd dat die plan en werk, mense behels.
- Effektiewe leiers bepaal prioriteite en hou daarby.
- Effektiewe leiers eis verantwoordbaarheid van hulself en ander.
- Effektiewe leiers lig die vlak van hul eie prestasieverwagtinge.
- Effektiewe leiers vermy bitterheid en vyandigheid teenoor hul opposisie.

- Effektiewe leiers kommunikeer hul objektiewe en metodes, sowel as hul verwagtinge, aan ander.
- Effektiewe leiers maak seker van onderlinge ooreenstemming en ondersteuning van sy ondergeskiktes t.o.v. visie, doel, filosofie en werkswyses.
- Effektiewe leiers is bewus van sy ondergeskiktes se voorkeure, sterk- en swakpunte.
- Effektiewe leiers ontwikkel 'n lojale band vanaf leier na volgeling en ook van volgeling na leier.
- Effektiewe leiers het moed.
- Effektiewe leiers ontwikkel duidelike doelwitte en strategieë maar behou die vermoë om buigbaar te wees.

Hoofstuk 11 – Vernuwingsstrategie 9: Kleingroep dissipelskap

Die Bybelse sisteem vir effektiewe dissipelskap

Die beste manier van dissipelskap vind plaas binne kleingroepe en is dit ook die manier waarop Jesus gebruik het toe Hy kerke geplant en vernuwe het. Ons sien selde in die Evangelies dat Jesus mense een-tot-een toegesprek het, Hy het egter baie tyd in groepe spandeer. Die apostels self het eerder gefokus op groepe, dalk omdat mense die beste leer binne 'n groep. Leer vind nie net vertikaal plaas nie, maar ook horisontaal. Ons het nie net 'n mentor nodig nie, maar ook kollegas of mede leerders. Wanneer die waarheid geleer word, help dit om ander buiten die onderwyser te hê wat die waarheid kan bevestig en wanneer dwaling geleer word, is daar ander wat dit kan bevraagteken.

Die Hoe van kleingroep dissipelskap

Interaktiewe Bybelstudie. Lering binne 'n kleingroep moenie 'n preek oefening wees nie. Dialoog en bespreking moet aangemoedig word. Die Woord van God moet primêr staan tydens hierdie sessies.

Intieme deelgenootskap. Die Nuwe Testament is gevul met opdragte van "mekaar":

- Wees lief vir mekaar.
- Leef in vrede met mekaar.
- Ag mekaar waardig.
- Bou mekaar op.
- Aanvaar mekaar.
- Vermaan mekaar.
- Wees hoflik teenoor mekaar.
- Sorg vir mekaar.
- Dien mekaar.

- Wees geduldig met mekaar.
- Wees vriendelik teenoor mekaar.
- Wees sagmoedig teenoor mekaar.
- Vergewe mekaar.
- Sing saam.
- Vertrou mekaar.
- Moedig mekaar aan.
- Bely jul sondes teenoor mekaar.
- Bid vir mekaar.
- Wees gasvry teenoor mekaar.
- Groet mekaar.

Bewustelike bediening. Die kleingroep moet homself doelbewus verbind tot die bediening. Die groep sal ongesond wees indien hulle slegs die kleingroep bywoon vir dit wat hulle uit die groep kan kry eerder as wat hulle tot die groep kan bydra. Die groep moet verby die behoeftes van die groep self kyk na die behoefte van hulle wat buite staan. Wat gedoen word, tel nie soveel nie, maar eerder die feit dat jy iets probeer doen vir die Here. Moenie toelaat dat die groep selfgesentreerd raak nie.

Voorbidding. Die Bybel sê nie ons moet byeenkomste hou, net om te bid nie, maar wel dat ons gereeld bymekaar moet kom om te bid.

Hoe om 'n kleingroep bediening te begin

Kleingroep strategie 1. Dit sal wys wees om 'n kleingroep te hê vir mense wat meer van die Evangelie wil weet en een wat spesifiek deur die predikant gelei word vir mense wat dalk by die kerk wil aansluit. Verkieslik moet die kleingroep byeenkom by die huis van mense wat gasvry is en graag ander ontvang en welkom laat voel. Die groep kan vir vier tot agt weke vergader en aanhou indien die groep dit verlang. Doen 'n inleidende Bybelstudie vir solank die groep daartoe verbind is.

Eerstens moet die praktiese probleme opgelos word – waar word vergader, wie kyk na die kinders, die tydsduur en sal daar versnaperinge wees of nie. Dit is nodig om voortdurend vars te dink oor hoe om nog kleingroepe te stig en die te vervang wat doodgeloop het. Belangrik egter, indien 'n kleingroep besig is om dood te loop, laat dit. Kry die groeplede om 'n nuwe groep te stig of na 'n seisoen by 'n ander groep aan te sluit.

Kleingroep strategie 2. 'n Kleingroep moet 'n goeie leier hê. Probeer om vier paartjies of enkellopendes aan te wys, of selfs 'n kombinasie. Maak beurte om die leiding te neem en evalueer mekaar. Wanneer hierdie persone reg is om verder te gaan, kry nog vier of ses paartjies wat by die groep aansluit. Die enkellopendes kan hul eie groep begin. Deur hierdie

proses drie keer per jaar te herhaal, met 'n reses tussenin, kan lei tot twaalf of twintig nuwe groepe in 'n jaar.

Kleingroep strategie 3: Bepaal 'n tema wat bespreek sal word. Hou opleidingsessies vir kleingroep leiers.

Hoofstuk 12 – Vernuwingsstrategie 10: Verbintenis tot die groot opdrag

Die opdrag in Matteus 28 is: '...gaan maak dissipels...' Indien jou kerk vernuwe moet word deur die Gees is dit belangrik dat die gemeente Jesus sal aanbid in Gees en in Waarheid.

Waak egter teen die verkeerde maniere van aanbidding bv.:

Die model wat wil vermaak.

Hier word aanbidding gedryf deur die vraag of die mense hulself geniet tydens die erediens. Die grootste bekommernis is of die mense wat die erediens bywoon, dit so geniet dat hulle sal terugkom. Ons verskaf vermaak want dit is wat die moderne mens wil hê. Hierdie model het egter heelwat probleme waarvan die minste die feit dat God se mense, deelnemers moet wees en nie bloot toeskouers tydens aanbidding nie. Sekere belangrikke aspekte wat teenwoordig moet wees tydens aanbidding, bv. refleksie, oordenking, skulbeledenis en voorbidding, pas nie in hierdie model nie.

Die leringsmodel.

Hier fokus aanbidding op hoeveel die gelowiges uit die geleentheid kan kry. Wanneer iemand byvoorbeeld 'n erediens mis, is die belangrikste bekommernis omtrent die seën wat die persoon gemis het. "Jy moes daar gewees het want jy het verseker 'n seëning gemis."

Die Evangelisasie model.

Vir sommige mense is die hooffokus van "aanbidding", om nie-gelowiges te bereik. Hierdie tipe diens kan egter nie as 'n aanbiddingsdiens geklassifiseer word nie, maar eerder 'n uitreikgeleentheid. Daar word dikwels van hierdie tipe dienste gepraat as 'n "soeker gesentreerde aanbiddingsdiens." Hierdie twee begrippe weerspreek mekaar egter aangesien 'n aanbiddingsdiens nie soeker gesentreerd moet wees nie, maar God gesentreerd. In 1 Korintiërs 14:23-25 praat Paulus van Lofprysingsevangelie waar die kerk primêr vergader om God te loof met die fokus op Christus en dat nie-gelowiges hierdeur nadergetrek word.

Die uitvoerende model.

Sommige kerkleiers beskou aanbidding slegs as die middel tot 'n doel. Hulle aanbid sodat hulle die doelwitte wat vir die gemeente gestel is, kan bereik. Hierdie model kan vergelyk met die samekoms van die aandeelhouers met die predikant as die voorsitter van die raad en die ouderlinge as die raadslede. Hier kan die fokus maklik verskuif word van die Een rede waarom vergader word. Die aanbiddingstyl van jou gemeente moet inpas wees met die visie en missie van die gemeente, maar dit moet altyd tot eer van God plaasvind.

Die onderwys model.

'n Algemene fout wat kan voorkom is dat gemeentes glo dat byeenkomste alleen is vir die bedoeling om te leer en waar die preek as die enigste belangrike element voorgehou word. Die gemeentesang, gebed en offergawes word nie as 'n noodsaaklike element van aanbidding beskou nie. Sang, skuldbelydenis, voorbidding en die belydenisskrifte is egter ook 'n belangrike element van die aanbiddingsgeleentheid. Deur die Bybel te lees en die sakramente te bedien, is deel van aanbidding. Die prediking het dus nie die uitsluitlike doel om te leer nie, maar ook om God te loof en prys en aanbid. Lering is egter die *gevolg* van ware aanbidding en nie wese van die prediking nie.

Wat is dan die wese van prediking? Die antwoord is in Fillipense 4:4: 'Wees altyd bly in die Here.' Wat bewerk vreugde in jou hart, bring die nie-gelowige by God uit, bring seën vir die gelowige, gee riglyne en rigting aan die Christelike lewe? Dit vind plaas deur die heerskappy en gemeensaamheid met Christus as die Skepper, die Verlosser en die Onderhouer van alles tot verheerliking van die God die Vader.

Wat gebeur tydens ware aanbidding as ek die Here loof? Ekself word geseën. Wanneer ek die Here dien en aanbid, word ek opgebou deur God. Wanneer God die fokus van ons aanbidding is, wanneer Sy Woord verkondig word aan Sy mense, sal nie-gelowiges ook beweeg word om Hom te loof. Mense sal die Woord van God leer. Weereens is dit die natuurlike gevolg van ware aanbidding en nie die wese daarvan nie. Wanneer enige van die ander dinge die middelpunt van ons aanbidding word, het ons nie alleen gefaal om te aanbid nie, maar het ons ons skuldig gemaak aan afgodery.

Die dinamika van Evangelisasie

In Matteus 28:19 beveel Jesus: 'Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissippels...' Letterlik in die Grieks staan daar 'terwyl julle gaan, maak dissippels.' Hier is dus 'n oproep tot doelbewuste Evangelisasie waar alle gelowiges, as natuurlike uitloei van hulle wedergeboorte, sal soek na die wat nog nie gered is nie. Die kerk moet 'gaan'. Daar moenie gewag word vir die soekers om na die kerk te kom nie, maar moet die gelowiges soos Jesus maak wat die verlore gesoek en gered het.

Doelbewuste Evangelisasie. Ons kan nie maar net agteroor sit en wag vir die soekers om na die kerk te kom en deel te neem aan ons geestelike gesprekke nie. Wanneer ons al Christene is vir 'n geruime tyd, raak ons gewoon aan die Evangelie en is ons nie meer verwonderd daaroor nie.

Voortdurende Evangelisasie. Evangelisasie is altyd 'n proses en moet ons onself voortdurend daaraan herinner. Soms plant ons, soms gee ons water, soms laat ons groei en ander kere oes ons.

Konfrontasie Evangelisasie. Ongelowige mense moet voortdurend gekonfronteer word met die feit dat indien hulle nie tot bekering kom en hul sondes belei nie, hulle in die ewige verdoemenis sal beland. Christene praat soms van 'vriendskap evangelisasie' waar hulle vriende maak met mense sonder om ooit oor die Evangelie te praat. Romeine 10:17 sê egter: 'Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.' Bevriend mense, behandel hulle met menswaardigheid, respekteer hulle en luister na hulle, MAAR, onthou om die Evangelie aan hulle te verkondig. Evangelisasie is nie om vriende te maak nie, maar om mense te help om vriende met Jesus te maak.

Kreatiewe Evangelisasie. Evangelisasie moet deurdag en kreatief wees. Dit is uitdagend en word ons beloon wanneer ons maniere vind om te skakel met nie-gelowiges. Alle gelowiges het reeds iets in gemeen met ongelowiges. Dink byvoorbeeld aan jou sport of 'n stokperdjie.

Dialoog Evangelisasie. Evangelisasie bestaan uit dialoog. Leer dus om mense vrae te vra. Op die manier kan jy uitvind waar mense ten opsigte van hulle geloof staan en kan jy hulle aanmoedig om krities oor hulle geloof te dink. Vra hulle byvoorbeeld of hulle weet waar hulle sal wees indien hulle vanaand doodgaan? Indien hulle antwoord die hemel is, vra hoekom?

Veelsoortige Evangelisasie. 'n Evangelisasieprogram binnêre 'n gemeente moenie net uit een aspek bestaan nie, maar moet veelsoortig wees. Daar moet ander vorme van uitreik ook wees bv. spesiale geleenthede, beplan vir nie-gelowiges om Kersfees en ander Pinkster geleenthede by te woon. Dit is belangrik om evangelisasie te diversifiseer en op die manier sal die uitkoms ook meer winsgewend wees.

Die dinamika van "na binne reik" (omvou)

In Matteus 28:19 staan daar: '...maak dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees...' Die Evangelie moet dus aan mense verkondig word wat buite die kerk staan, maar moet hulle ook ingetrek word by die kerkfamilie. Wanneer mense nie tot die liggaam van Christus en die kerk toegevoeg word nie, sal die kerk net verder 'sterf'. Dissippelskap moet verhoudingsmatig wees en nie net inligtingsmatig nie.

Drie maniere om nuwe gelowiges binne die kerk te omvou:

- God's Woord moet so aan hulle verkondig word dat hulle lewens sal verander.
- Hulle moet 'n plek en bediening binne die kerk hê wat hul persoonlike roeping en passie aanspreek. Elke bediening binne die kerk moet voorsiening maak vir nuwelingte waarbinne hulle hul bepaalde gawes en talente kan ontdek.
- Elke nuwe lidmaat moet binne die eerste ses maande in die nuwe gemeente ten minste drie betekenisvolle vriendskappe ontwikkel.

Wanneer jy dus wil hê jou gemeente moet beweeg van 'n gloeiende kool na 'n brande vlam, moet die dinamika van versorging, verantwoording, aanmoediging en vriendskap binne die gemeente gevestig word. *Gemeensamheid* moet binne die gemeente gekweek word.

Die dinamika van toerus

Verder sê Jesus in Matteus 28:20: '...leer hulle.' In lofprysing reik ons na bo, in evangelisasie reik ons uit, deur mekaar te omvou, reik ons na binne. Ons moet ook na onder reik (afreik) deur middel van gesonde lering wat konstant vloei van die leiers na die lidmate (toerusting). Die doel van ons toerusting moenie net wees om die feite te kommunikeer nie, maar ook om in mense 'n gelowige, gehoorsame navolging van God se opdragte te kweek.

Vir 'n kerk om gesond te wees is die volgende nodig:

Lofprysing en aanbidding – "opreik"; ons bediening tot God.

Evangelisasie – uitreik; ons bediening aan die wêreld.

Naasteliefde – "na binne reik"; ons bediening aan mekaar.

Leer – "afreik"; ons bediening aan onself.

Hoofstuk 13 – Waar gaan ons van hier?

Begin – Daar moet 'n verbintenis wees tot die belangrike beginsel dat kerkgroei nie die primêre doel is nie, maar wel die gesonheid en lewenskragtigheid van die kerk. Die kerk is die manifestering van die liggaam van Christus en as die liggaam gesond is, sal dit groei.

Om saam te vat:

Vernuwingsstrategie 1: Konnekteer met die verlede, leer uit die verlede maar moenie daarin leef nie.

Vernuwingsstrategie 2: Die kerk moet geroep word tot skuldbelydenis. Daar is dalk sonde wat toegesmeer is, dit moet bely word. Hierdie skuldbelydenis moet by die leierskap begin.

Vernuwingsstrategie 3: Wees Evangeliegedrewe en Christus gesentreerd. Die eerste ding is dat die verkondiging van die Evangelie, Christus gesentreerd moet wees. Die bediening van die Woord vanaf die preekstoel, lering, kleingroepe, dissippelskap en elke ander bediening moet evangeliegedrewe wees.

Vernuwingsstrategie 4: Klem moet gelê word op persoonlike en familie-geloofsvorming. Vir 'n gemeente om te vernuwe, moet die leierskap gesond wees wat op sy beurt gesonde Christene en gesonde Christenfamilies daarstel.

Vernuwingsstrategie 5 en 6: Voorbidding en die teenwoordigheid van die Woord. 'n Basiese plan vir voorbidding deur die leiers vir die gemeente sowel as 'n strategie waarvolgens die gemeente vir die leiers gaan bid, moet vasgestel word.

Vernuwingsstrategie 7: Om missiegedrewe en visie gemotiveerd te wees.

Vernuwingsstrategie 8: Vermenigvuldig dienskneg leierskap. Vernuwingsstrategie kan nie plaasvind indien daar nie 'n visie van God gegee word nie en hierdie visie kan ook nie voortgaan indien daar nie op 'n deurlopende wyse goddelike leiers opgerig word wat hierdie visie uitvoer nie. Die toets wat aangelê kan word vir 'n goeie leier is sy vermoë om nuwe leiers daar te stel.

Vernuwingsstrategie 9: Vestig kleingroepe vir dissippelskap. Kleingroepe is nie net 'n goeie idee of sosiale skepping nie. Dit is 'n Bybelse beginsel wat dissippels oplewer tot eer van die Koninkryk.

Vernuwingsstrategie 10: Wees verbind tot die Groot Opdrag.

Onthou die Bybelse paradigma wat God daargestel het vir die kerk se vernuwingsstrategie: *onthou, bely en herstel*. Hy kan die seer van die verlede omkeer in die vrug vir die toekoms. Bid voortdurend vir die gemeente wat besig is om te vernuwe. Satan sal alles in sy mag probeer om hierdie proses te stop deur middel van verdeeldheid, ontmoediging en bedrog. Bid teen hierdie aanslae. Gebed moet die grootste prioriteit vir die bediening wees.